

AANSOEKVORM VIR BEGROTINGSREKENING OF
VERHOOGING VAN BESTAANDE BEGROTING

GEEN BEGROTINGSAANKOPE TOEGELAAT OP ALKOHOL,
VOEDSEL OF PETROL.

Geen aankope van minder as R300 sal kwalifiseer
vir die begrotingsfasiliteit nie.

BEGROTINGSAANKOPE KWALIFISEER VIR JAARLIKSE BONUS.

PERSOONLIKE BESONDERHEDE (moet ingevul word)

Lidnommer

Titel

Volle voornaam

Van

E-pos

Identiteitsno. / Paspoortno. (Heg asb afskrif van identiteitsdokument aan)

RSA Inwoner

Ja

Nee

Taal

Eng

Afr

Telefoonnommers

Huis

Werk

Sel

Residensiële adres (Heg asb. afskrif van munisipale rekening aan)

Poskode

Posadres (indien verskil van residensiële adres)

Poskode

Besit u vaste eiendom?

Ja

Nee

Indien nie: Huur

Woon by ouers

Ander

Jare by huidige adres

Huwelikstatus :

Op huweliksvoorwaarde

Binne gemeenskap

Weduwee/Wewenaar

Ongetroud

Geskei

Gewoontereg

Aantal afhanklikes

PERSOONLIKE INLIGTING VAN GADE

Voorletters

Nooienvan (indien van toepassing)

Identiteitsnommer

Heg asb afskrif van identiteitsdokument aan

Sel

E-pos

WERKGEWERBESONDERHEDE (Verplichtend)

Betrekking:

Self

Verdien kommissie

Kontrakwerker

Permanent

Pensionaris

Volle naam en adres van huidige werkgever - Self

Amp/Betrekking

Diensjare

GADE Betrekking:

Self

Verdien kommissie

Kontrakwerker

Permanent

Pensionaris

Volle naam en adres van huidige werkgever - Gade

Amp/Betrekking

Diensjare

KOSTE VAN KREDIET

Betalings:

Die volgende kostes, indien van toepassing, sal verhaal word deur die Kredietverkaffer: Debiet/ Kredietkaartbetalings by Pretorium Trust kantoor (fooi per R100.00)

R150

Rentekoers:

Ope rekening: Enige bedrag wat nie op die betaaldatum (laaste werksdag van die maand) betaal is nie, sal vrygestel wees van rente, indien betaal is voor die 10de van die daarop volgende maand, waarna dit rente sal dra teen 8% per jaar bo die prima uitleenkoers van banke en sal wissel saam met banke se prima uitleenkoers.

Begrotingsrekening: Rente bereken teen die prima bankkoers plus 4%. Onderhewig daaraan dat indien bogenoemde rentekoerse ter enigertyd die toepaslike maksimum voorgeskrewe rentekoers ingevolge die Nasionale Kredietwet sou oorskry, die toepaslike maksimum voorgeskrewe rentekoers sal geld.

Bonus: U verbeur ook enige bonus waarop u as lid geregtig mag wees op enige bedrag wat nie betaal is op die 3de van die maand opvolgend die maand waarop die rekening gelewer word.

Transaksieffooie: (per transaksie)

R1.40

Maandeliks: Heffing op aankope: Alle aankope by die Shoprite / Checkers groep, die Pick n Pay groep en Pep

0.70%

Adminfooi op brandstofaankope: (geen bonus)

1.75%

Bogenoemde kostes is onderhewig aan verandering

BEKOSTIGBAARHEIDSANALISE (moet voltooi word)

Bewys van laaste 3 maande se inkomste moet verskaf word (Salarisstrookies/Bankstaat).
Getroude binne gemeenskap van goedere (moet voltooi word deur beide aansoeker en gade).

Maandelikse Inkomste

Aansoeker

Gade

Bruto Salaris

Ander Inkomste (spesifiseer asb.)

Totale Inkomste:

A

Aftrekkings op salarisadvies

Aansoeker

Gade

Mediesefonds

Pensioen / Voorsorgfonds

LBS

WVF

Ander

Subtotaal:

B

Netto Salaris:

A-B

Maandelikse verpligtinge

Aansoeker

Gade

Verblyf Uitgawes

Vervoerkoste

Voedsel

Onderriggelde

Mediese-uitgawe

Onderhoudsuitgawe

Munisipalerekening

Ander

Subtotaal:

C

Rekening

Aansoeker

Gade

Voertuig Finansiering

Persoonlikelening

Kredietkaarte

Verbandpaaiering

Selfoonuitgawe

Mikrolening

Versekeringspaaiering

Klere

Algemene Kleinhandel

Subtotaal:

D

Min Verbandpaaiering

E

Beskikbare inkomste vir Pretorium Trust Kaart:

A-B-C-D-E

OPGAWE VAN BATES		
Vaste Eiendom		
Voorstad	Markwaarde	Huidige balans

Roerende bates: bv. motorvoertuie, meubels	
Item(s)	Markwaarde

BEGROTING BESONDERHEDE

HUIDIGE BEGROTING:

R

NUWE BEGROTING VERLANG:

R

Rentekoers:
Die koste van krediet (rentekoers) per jaar is 4% bo die prima uitleenkoers en sal in lyn met die prima uitleenkoers fluktueer.
Onderhewig daaraan dat bogenoemde rentekoerse ter eniger tyd die toepaslike maksimum voorgeskrewe rentekoers ingevolge die Nasionale Kredietwet sou oorskry die toepaslike maksimum voorgeskrewe rentekoers sal geld.

Voorbeeld: R 1 000.00 (14.25%)

Tydperk van terugbetaling	Paalement	Rente
6	173.66	35.59
12	89.90	72.03
24	48.13	147.26

TERME EN VOORWAARDES

1. DEFINISIES:

- 1.1 **Die Kredietverskaffer is:** Pretorium Trust (Koöperatief) Beperk, van Ingersolweg 40, Lynnwood
- 1.2 **Die Verskaffer:** Enige Verskaffer van goedere en/of dienste met wie die Kredietverskaffer kontrakteer het, as 'n benoemde Verskaffer aan die Verbruiker.
- 1.3 **Die Verbruiker:** Die persoon wat die kwotasie aanvaar (die Aansoeker) en wie geregtig daarop is om die Pretorium Trust-aankoopkaart te gebruik om van die Verskaffers, soos hierin gedefinieer, te koop.
- 1.4 **Pretorium Trust- aankoopkaart:** 'n Geldige elektroniese kaart wat aan die Verbruiker deur die Kredietverskaffer uitgereik word om transaksies tussen die Verbruiker en Verskaffers aangegaan, op rekord te plaas.
- 1.5 **Kredietlimiet:** Die maksimum bedrag wat die Kredietverskaffer aan die Verbruiker verleen om in enige handelsperiode ingevolge die kwotasie, soos aanvaar deur die Verbruiker, te spandeer.
- 1.6 **Handelsperiode:** Die handelsperiode neem 'n aanvang op die 16de dag van elke opeenvolgende maand en verstryk op die 15de dag van die daaropvolgende maand, of enige ander datum soos vasgestel in die Kredietverskaffer se diskresie.
- 1.7 **Begrotingsfasiliteit:** 'n Fasiliteit toegestaan deur die Kredietverskaffer ingevolge waarvan die Verbruiker geregtig sal wees om die uitstaande bedrag op die gemelde fasiliteit oor 'n verlengde periode te betaal, welke periode 'n maksimum van 24 maande beloop.
- 1.8 **Prima uitleenkoers:** Die rentekoers soos gehef deur ABSA.
- 1.9 **Kwotasie:** Die geskrewe kwotasie voorsien ingevolge hierdie Aansoek en Terme en Voorwaardes, soos vereis deur die Wet, welke kwotasie deel van die ooreenkoms tussen die Kredietverskaffer en die Verbruiker word sodra dit deur die Verbruiker aanvaar word.

1.10 **Betaaldatum:** Die laaste werksdag van elke kalendermaand.

2. BETALINGS:

Die Verbruiker sal die verskuldige maandelikse paalement op die laaste werksdag van elke kalendermaand aan die Kredietverskaffer betaal.

3. REKENINGSTAAT:

Die Kredietverskaffer sal maandeliks 'n rekeningstaat aan die Verbruiker lewer by wyse van pos of e-pos,volgens die voorkeur van die Verbruiker,

4. ADMINISTRASIEKOSTE BY WANBETALING:

Indien die Verbruiker versuim om binne die voorgeskrewe tydperk te betaal, soos hierin voorsien, sal die volgende kostes verskuldige wees aan die Kredietverskaffer, Onbetaalde debietorder of tjek R 20.00

5. VOORTYDIGE AFLOSSING:

Die Verbruiker is geregtig om die totale uitstaande bedrag te enige tyd af te los, met of sonder voorafgaande kennisgewing aan die Kredietverskaffer, op voorwaarde dat die bedrag wat benodig word om die Kredietooreenkoms af te los, die totaal van die onbetaalde balans van die hoofskuld op die betrokke tydstip, sowel as enige onbetaalde rentevorderings en alle ander fooie en kostes betaalbaar deur die Verbruiker aan die Kredietverskaffer tot en met die aflossingsdatum is.

6. VERBRUIKER SE REG TOT BEËINDIGING:

Die Verbruiker is geregtig om hierdie ooreenkoms te beëindig deur betaling van alle bedrae verskuldig,soos hierbo uiteengesit, met betrekking tot vroeë aflossing.

7. KREDIETVERSKAFFER SE REG TOT BEËINDIGING:

Die Kredietverskaffer is geregtig om hierdie ooreenkoms te beëindig in geval van die Verbruiker se nie-nakoming van enige terme van die ooreenkoms. By beëindiging sal die volle uitstaande bedrag verskuldig aan die Kredietverskaffer, onmiddellik verskuldig en betaalbaar wees.

8. ADRES VIR KENNISGEWING:

- 8.1 Die Kredietverskaffer kies die adres op die kwotasie as die adres waar hy dokumente, pleitstukke en kennisgewings met betrekking tot hierdie ooreenkoms, sal ontvang.
- 8.2 Die Verbruiker kies die residensiële adres op die kwotasie as die adres waar hy die diening van alle dokumente, pleitstukke en kennisgewings met betrekking tot hierdie ooreenkoms, sal aanvaar.
- 8.3 'n Party tot hierdie ooreenkoms mag sy adres verander deur per hand, geregistreerde pos of elektroniese pos 'n geskrewe kennisgewing van die nuwe adres aan die ander party te lewer.

9. KREDIETLIIMIET VERMINDERING INGEVOLGE KREDIETFASILITEIT:

Die Verbruiker kan te enige tyd by wyse van 'n geskrewe kennisgewing aan die Kredietverskaffer, versoek om die kredietlimiet ingevolge die kredietfasiliteit te verminder.

10. KREDIETBURO:

- Die Verbruiker bevestig dat hy bewus is van die volgende en verleen toestemming daartoe:
- 10.1 Die Kredietverskaffer mag data aangaande die aansoek, opening en sluiting van 'n rekening aan die kredietburo, bekend as TransUnion ITC, versend en TransUnion ITC mag die inligting bekend maak aan ander geregistreerde kredietverskaffers en TransUnion Kredietburo kliënte vir die voorgeskrewe doeleindes;
- 10.2 Nie-nakoming van die terme en voorwaardes vervat in die Kredietooreenkoms, sal verwys word na bogemelde kredietburo en TransUnion ITC mag sodanige inligting bekend maak aan die ander geregistreerde kredietverskaffers en TransUnion Kredietburo kliënte vir die voorgeskrewe doeleindes;
- 10.3 Die Kredietburo verskaf 'n kredietprofiel en kredietstelling van die Verbruiker se kredietwaardigheid;
- 10.4 Die Kredietburo wat ingelig sal word is TransUnion ITC, Wandres Kantoorpark, Corlettrylaan 52, Illovo, 2196. Oproepkantoor: 0861 482 482;
- 10.5 'n Verbruiker is geregtig om bogemelde Kredietburo te kontak en te versoek dat sy rekords aan hom openbaar word. Die Verbruiker mag daarop aandring dat onakkurate inligting reggestel word, deur TransUnion ITC se oproepkantoor by 0861 482 482 te kontak;

10.6 Die Kredietverskaffer sal ten minste 20 (TWINTIG) werksdae vooraf by wyse van 'n kennisgewing geadresseer aan die adres (domicilium) van die Verbruiker, die Verbruiker in kennis te stel van die Kredietverskaffer se voorneme om ongunstige inligting aan enige Kredietburo te versend. Enige inligting so versend aan die Kredietburo, sal beskikbaar wees aan alle ondertekenaars by gemelde Kredietburo.

11. ALGEMEEN:

- 11.1 Dit word op rekord geplaas dat die Verbruiker die kaarthouer van 'n Pretorium Trust aankoopkaart is, uitgereik ingevolge 'n vorige ooreenkoms om krediet deur die Verbruiker, en sodoende is die Verbruiker geregtig om die gemelde kaart te gebruik om aankope te doen by die Verskaffers soos gedefinieer in die betrokke ooreenkoms.
- 11.2 Ingevolge hierdie ooreenkoms is die Verbruiker daarop geregtig om die gemelde kaart te gebruik om op die begrotingsrekening soos hierin gedefinieer te koop.
- 11.3 Die Kredietverskaffer sal geld betaal, namens die Verbruiker, aan die Verskaffers wie goedere en dienste aan die Verbruiker gelever het. Die Verbruiker onderneem om alle bedrae verskuldig in die verband, aan die Kredietverskaffer te betaal in ooreenstemming met die Terme en Voorwaardes hierin vervat.
- 11.4 Die Kredietverskaffer onderneem om alle betalings vir en namens die Verbruiker te maak by ontvangs van 'n geldige eis van die Verskaffer.
- 11.5 Die Kredietverskaffer sal 'n Pretorium Trust- aankoopkaart aan elke Verbruiker en ander genomineerde persone, soos toegelaat ingevolge die Kredietverskaffer se absolute diskresie, uitreik.
- 11.6 Onderhewig aan die terme en voorwaardes soos uiteengesit hierin, is die Verbruiker daarop geregtig om die Pretorium Trust-aankoopkaart te gebruik en alle voordele te benut soos van tyd tot tyd aan hom aangebied word.
- 11.7 Die Verbruiker erken dat die Pretorium Trust aankoopkaart te alle wesenlike tye die eiendom van die Kredietverskaffer sal bly en sal verplig word om enige Pretorium Trust aankoopkaart wat ten gunste van die Verbruiker uitgereik is, aan die Kredietverskaffer terug te besorg op versoek van die Kredietverskaffer,
- 11.8 Die Verbruiker sal sy/haar Pretorium Trust aankoopkaart na behore versorg wat onder andere die neem van redelike stappe insluit om verlies, diefstal of skade daaraan, te voorkom.
- 11.9 In geval van diefstal of verlies van die Pretorium Trust-aankoopkaart, of indien die Verbruiker bewus word daarvan dat die Pretorium Trust- aankoopkaart deur 'n ander persoon as die Verbruiker gebruik word, is die Verbruiker verplig om Nedbank, agent van die Kredietverskaffer, by Tolvrye nommer 0800 110 929 summier daarvan in kennis te stel.
- 11.10 Die Kredietverskaffer sal nie die Verbruiker aanspreeklik hou vir enige gebruik van 'n kredietfasiliteit nadat die Verbruiker die diefstal of verlies van die betrokke kaart aangemeld het nie, tensy:
- 11.10.1 Die Verbruiker se handtekening voorkom op die kwitansie, koopbewys of soortgelyke dokument wat die besondere gebruik van die kredietfasiliteit bewys; of
- 11.10.2 Die Kredietverskaffer oor ander voldoende getuienis beskik om vas te stel dat die Verbruiker daartoe gemagtig was of verantwoordelik was vir daardie besondere gebruik van die kredietfasiliteit.
- 11.11 Die Kredietverskaffer sal die Verbruiker skriftelik in kennis stel ingeval van enige verandering van die rentekoers en/of fooie van toepassing op hierdie ooreenkoms.

12. REGTE VAN DIE VERBRUIKER:

- 12.1 Die begrotingsrekening limiet, soos per die kwotasie wat aan u verskaf sal word, sal aan die Verbruiker geallokeer word.
- 12.2 Die Verbruiker sal 'n jaarlikse bonus ontvang soos bekend gemaak deur die Kredietverskaffer interme van die Akte van Oprigting en die Statute van die Kredietverskaffer. Hierdie Bonus is gebaseer op bydraes deur aankope gemaak gedurende die finansiële jaar van die Kredietverskaffer,welke datums September tot Augustus is en wat inwerking sal tree as 'n krediet op die daaropvolgendeNovember se staat.
- 12.3 Die Verbruiker mag van tyd tot tyd 'n "Lys van Verskaffers" aanvra wie aangewese Verskaffers is met wie die Kredietverskaffer gekontrakteer het vir en namens die Verbruikers.
- 12.4 Die Verbruiker sal geregtig wees om die Pretorium Trust- aankoopkaart aan Verskaffers in die plek van betalings te tender, en onderhewig aan die voorwaardes hierin vervat, sal die Kredietverskaffer verplig wees om betaling vir en namens die Verbruiker aan die betrokke Verskaffer te bewerkstellig tot en met 'n maksimum bedrag soos ingevolge die begrotingsrekening limiet.
- 12.5 Die Kredietverskaffer sal nie aanspreeklik wees om betaling in verband met enige aankope deur die Verbruiker by 'n handelaar, wie nie as Verskaffer hierin gedefinieer word nie, te bewerkstellig nie.
- 12.6 Die Verbruiker is 'n houer van 'n Pretorium Trust- aankoopkaart ingevolge 'n aparte ooreenkoms met die Kredietverskaffer. Indien die Verbruiker versuim om betalings te maak in terme van hierdie ooreenkoms, of enige ander ooreenkoms wat dit mag hê met die Kredietverskaffer, sal alle gelde verskuldig aan die Kredietverskaffer in terme van hierdie ooreenkoms, of enige ander ooreenkoms, onmiddellik verskuldig en betaalbaar wees en sal die uitstaande balans op al die rekeninge soos vermeld, rente dra teen 8% per jaar bo ABSA se prima uitleenkoers en sal wissel saam met ABSA se prima uitleenkoers

Paraaf - Aansoeker:
Gade:

- 12.7 Die Verbruiker is geregtig om enige bedrag verskuldig aan die Kredietverskaffer ingevolge hierdie ooreenkoms, enige tyd vooruit te betaal sonder nadeel of kennisgewing. Indien die Verbruiker meer as een ooreenkoms met die Kredietverskaffer het, moet die Verbruiker die ooreenkoms duidelik spesifiseer in sy versoek om enige bedrag vooruit te betaal.
- 12.8 Indien die Verbruiker verlang om sy kredietlimiet te enige tyd te verhoog, mag hy skriftelik die Kredietverskaffer daartoe versoek en die genoemde versoek sal oorweeg word sodra 'n nuwe finansiële assessering voltooi word deur die Kredietverskaffer. Die versoek om 'n verhoging gaan nie gepaard met die jaarlikse outomatiese verhoging van die Verbruiker se kredietlimiet nie en indien die Verbruiker aansoek doen in die korrekte spase op die aansoekvorm, mag die Kredietverskaffer ingevolge sy absolute diskresie die versoek toestaan of weier.
- 12.9 Indien die Verbruiker die Kredietverskaffer versoek het om outomaties die kredietlimiet van tyd tot tyd te verhoog, sal die Kredietverskaffer dit eensydig ingevolge die betrokke Wet doen.
- 12.10 Die Verbruiker is geregtig om die volgende te doen:
- 12.10.1 Aansoek te doen by 'n Skuldberader om te verklaar dat die Verbruiker te veel skuld het;
- 12.10.2 'n Klag met betrekking tot die Kredietverskaffer by wyse van alternatiewe geskilbeslegting op te los;
- 12.10.3 'n Klag met betrekking tot die Kredietverskaffer by die Nasionale Kredietreguleerder in te dien; en
- 12.10.4 'n Aansoek by die Tribunaal te lods.
- 12.11 Die Nasionale Kredietreguleerder kan gekontak word by:
- 12.11.1 Telefoonnommer: (011) 554 2600 of 0860 627 627
- 12.11.2 Faksnommer: (011) 805 4905
- 12.11.3 E-posadres: complaints@ncr.org.za
- 12.11.4 Straatadres: 15de Laan 127, Randjespark, Midrand
- 12.11.5 Posadres: Posbus 209, Halfweg Huis, 1685
- 12.11.6 Webtuiste: www.ncr.org.za
- 12.12 Die Nasionale Verbruikerstribunaal kan gekontak word te:
- 12.12.1 Telefoonnommer: (012) 683 8140 / (012) 742 9900
- 12.12.2 Faksnommer: (012) 663 5693
- 12.12.3 E-posadres: registry@thenct.org.za
- 12.12.4 Straatadres: Grondvloer, Blok B, Lakefield Office Park, Westlaan 272, H/v Wes en Lenchen Noord, Centurion
- 12.12.5 Posadres: Privaatsak X110, Centurion, 0046
- 12.12.6 Webtuiste: www.thenct.org.za

13. VERPLIGTINGE VAN DIE VERBRUIKER:

- 13.1 Die Verbruiker onderneem om aan die Kredietverskaffer alle kostes soos vervat in die kwotasie wat in terme van die aansoek verskaf sal word en wat deel van hierdie ooreenkoms sal wees indien die Verbruiker dit aanvaar, te betaal, soos vervat in die Verbruiker se maandstaat van tyd tot tyd, wat administrasiekostes en rente soos uiteengesit in die kwotasie, sal insluit.
- 13.2 Die Verbruiker onderneem om die Kredietverskaffer alle/enige bedrae wat betaal sal word aan Verskaffers deur die Kredietverskaffer vir en namens die Verbruiker, te betaal in verband met alle aankope gedoen deur die Verbruiker, of enige ander persoon soos omskryf in paragraaf 11.5, ingevolge die terme van paragraaf 12.6 hierin, welke bedrag betaal sal word aan die Kredietverskaffer voor of op die verskuldige datum en in die bedrag wat gereffekteer word in die maandstaat wat aan die Verbruiker deur die Kredietverskaffer gepos/e-pos (volgens voorkeur van die Verbruiker) word. Hierdie verpligting om betaling aan die Kredietverskaffer te bewerkstellig, is onvoorwaardelik en onherroepbaar, ongeag of:
- 13.2.1 Die Verbruiker self of enige ander party by wyse van die Pretorium Trust-aankoopkaart betaal; en/of
- 13.2.2 Die aangetekende bedrag met betrekking tot sodanige aankope korrek is, of nie; en/of
- 13.2.3 Daar 'n geskil tussen Verskaffers en die Verbruiker is; en/of
- 13.2.4 Die Verskaffers daarop geregtig is om betaling van ander bronne te ontvang.
- 13.3 Die maandelikse staat dien as prima facie bewys van die Verbruiker se verpligtinge teenoor die Kredietverskaffer met betrekking tot aankope en die Verbruiker onderneem hiermee dat die onus om die teendeel te bewys, op die Verbruiker berus.
- 13.4 Die Verbruiker waarborg en onderneem om nie die aangewese kredietlimiet ingevolge die kwotasie te oorskry nie.

14. BEÏNDIGING:

Hierdie ooreenkoms sal vir 'n onbepaalde tydperk voortduur, maar is onderhewig aan die bepallings hierin vervat, sowel as dat dit deur die Kredietverskaffer gekanselleer mag word op voorwaarde dat die Kredietverskaffer ten minste 10 werksdae voor die kredietfasiliteit gesluit word, 'n skriftelike kennisgewing aan die Verbruiker rig.

15. KONTRAKBREUK:

- 15.1 Indien die Kredietverskaffer verrigtinge instel teen die Verbruiker vir die verhaal van enige bedrag verskuldig in terme hiervan, stem die Verbruiker toe:

- 15.1.1 tot die jurisdiksie van die Landdros of vir die doeleindes van enige verrigtinge ingestel teen die Verbruiker in terme van hierdie ooreenkoms, niteenstaande die feit dat die bedrag geëis andersins buite die jurisdiksie van bovermelde hof val; en
- 15.1.2 om alle regsonkoste te betaal op prokureur- en kliëntskaal en sal dit rente, opsporingsfoole en invorderingskommissie insluit, na gelang van die geval.
- 15.2 Die partye kom ooreen dat die eisorsaak vir hierdie ooreenkoms ontstaan op die plek waar en wanneer die Kredietverskaffer bewus word van die Verbruiker se aanvaarding van die kwotasie.
- 15.3 Indien die Verbruiker enige Terme en Voorwaardes hierin vervat verbreek, sal die Verbruiker alle voorregte en gelde, insluitend die jaarlikse bonus, aan die Kredietverskaffer verbeur.
- 15.4 Die Verbruiker verleen aan die Kredietverskaffer die reg om 'n opsporingsagent aan te stel indien die Verbruiker in gebreke bly ingevolge die ooreenkoms en die Kredietverskaffer nie in staat is om die Verbruiker op te spoor nie.

16. GEEN-WYSIGING:

Geen toevoeging tot of wysiging, konsensuele kansellatie of novasie van hierdie ooreenkoms, en geen afstanddoening van enige reg voortspruitend vanuit hierdie ooreenkoms of skending of beëindiging daarvan, sal van krag wees tensy dit op skrif gestel en deur alle betrokke partye of hul behoorlik gemagtigde verteenwoordiger onderteken word nie.

17. VERSLAPPING:

- 17.1 Die Verbruiker kom ooreen dat geen verslapping of toegewing wat deur die Kredietverskaffer verleen word, en geen nalate van die Kredietverskaffer om tydig en/of na behore regte ingevolge hierdie ooreenkoms af te dwing, sal geag word as afstanddoening van enige reg nie; en
- 17.2 Die Verbruiker sal nie sy regte hierin sedeer, toedeel, oordra of vervreem aan 'n derde party nie.

18. VIR EN NAMENS REGSENTITEITE:

Indien die Verbruiker ingevolge hiervan 'n Beslote Korporasie, Privaat of Publieke Maatskappy, of 'n Trust is, waarborg die persoon wie die kwotasie namens die betrokke entiteit aanvaar, dat hy behoorlik daartoe gemagtig is en aanvaar hy as borg en mede-hoofskuldenaar van die betrokke entiteit, aanspreeklikheid vir betaling van die verskuldigde bedrag ingevolge hiervan.

19. ERKENNING, BEVESTIGING EN TOESTEMMING:

- 19.1 Die Verbruiker waarborg dat hy die Terme en Voorwaardes agter op die aansoekvorm gelees het en dat hy ten volle en korrek alle inligting deur die Kredietverskaffer versoek, ten einde hierdie ooreenkoms te sluit, verskaf het.
- 19.2 Die Verbruiker bevestig dat hy die risiko's en kostes inherent in hierdie ooreenkoms, en sy regte en verpligtinge ingevolge die gemelde ooreenkoms begryp en verstaan.

20. KREDIETBURO VERIFIKASIE VERWYSING:

Ek/Ons verleen toestemming aan die Kredietverskaffer om my/ons kredietrekord/s na te gaan by enige kredietburo of ander Kredietverskaffers en alle inligting soos veskaf op hierdie aansoekvorm, te verifieer.

BEVESTIGING VAN AANSOEK

Hiermee bevestig ek/ons dat alle vrae en versoeke om inligting volledig en korrek deur my/ons beantwoord is as deel van hierdie assesseringsproses. Ek/ons bevestig dat ek/ons, my/ons skuldaflossingsgeskiedenis volledig geopenbaar het.

Aansoeker se handtekening.....

Gade se handtekening

(indien getroud binne gemeenskap van goedere)

Geteken teop hierdiedag van

VIR KANTOORGEBRUIK:

UITGAWE NORMES	VERPLIGTE MAANDELIKSE UITGAWES	
Bruto Inkomste per maand	Soos per NCR	Soos deur aansoeker verklaar

Beraamde bedrag beskikbaar vir Pretorium Trustbegroting

R

Goedgekeur ☐ Afgekeur ☐

Begrotingsbedrag Goedgekeur R

Bestuurder Datum

Aanvaar te Pretoria